Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 10 – MAART 2019

Geagte ouers

PERSONEEL
Baie geluk aan Me. Roché van Jaarsveld wat op 14 Maart verjaar. Baie geluk ook aan die volgende personeel wat in die vakansie verjaar, Me. Chimoné Botha op 19 Maart, Me. Bettie Liebenberg op 21 Maart, Me. Abigael Brits en Ds. Janine Manders op 24 Maart, Me. Marietjie Brand op 25 Maart, Me. Annatjie Degenaar op 31 Maart, en Me. Susan Myburgh op 1 April.

LEED
Baie sterkte aan Me. Marianne Malan wat tuis aansterk na 'n skouer operasie, en Me. Trisia de Villiers wat ook tuis aansterk na 'n knieg operasie.

VOORLOPIGE DATUMS VIR KWARTAAL 2 VAN 2019:

15 Maart	**Skool sluit** Markdag: Gr 5 – Dra gewone klere en R5 of meer donasie gaan na behoeftige fonds Rugbytoer: O/11 en O/13 toer te Warthogg Inn tot 18 Maart Rugbytoer: O/9 en O/10 Toer te Oos-Moot
03 April	Hoërskole besoek Gr 7's
05 April	**07:00: GROOT FM & KOSFEES**
06 April	Bulletjierugby by Totiusdal
08 April	Gr R inkrywings open Oudisies vir Noordekruin en Kunswedstryd tot 12 April Graad 4 - 7: Rapporte uit Rugbyproewe vir Wyk: 0/13 (Grizzlies) Sokker teen Eendracht tuis
09 April	Senior Revue klankopname in skooltyd 17:30 – 19:00: Graad 4 - 7 Oueraand Rugbyproewe vir Wyk: 0/13
10 April	Gr 7 uitstappie: Groep 1 Rugbyproewe vir Wyk: 0/13
11 April	Gr 7 uitstappie: Groep 2 18:00: Spellingbee Gr 4 + 5 in Saal Rugbyproewe vir Wyk: 0/13
12 April	ATKV Redenaars: Gauteng uitdunne
13 April	Bulletjierugby by Hermanstad ATKV Redenaars: Gauteng uitdunne Junior Revue oefen in saal Skaak : Distrik Skaak Kampioenskap by Thornview
15 April	14:10: Tennis: Uitspeel vir spanne in Kwartaal 3 Sokker weg teen Rosslyn
16 April	Junior revue klankopname in skooltyd 18:30: Spellingbee Gr 6 + 7 (Intern) in Saal Netbal teen Rachel de Beer (tuis)
17 April	Junior revue klankopname in skooltyd **Leerstof aan leerders**
19 April	**GOEIE VRYDAG**
22 April	**VAKANSIEDAG**

23 April	18:30: Spelathon Gr 4 (Intern)
24 April	ELEVATE GRAAD 4 JUNIOR TYDSBESTUUR 08:15 – 09:30 EN 10:00 – 11:15
25 April	18:30: Spelathon Gr 5 (Intern) Netbal teen Akasia (tuis) Rugby teen Midstream (weg)
27 April	**VRYHEIDSDAG**
29 April	Saal: Top 10 Akademie vir Kwartaal 1 aankondig Sokker tuis teen Generaal Nic Smit
30 April	18:30: Spelathon: Gr 6 (Intern)
01 Mei	**WERKERSDAG**
02 Mei	18:30: Spelathon Gr 7 (Intern) Rugby teen Tuine (tuis)
03 Mei	Koorfees by Hoërskool Overkruin
04 Mei	Bulletjierugby by Voorpos Mini Netbaldag (0/6 – 0/9) te Danie Malan
06 Mei	Rugby proewe Koor: Pretoria Eisteddfod Senior - + Junior revue: Tshwana Youth festival oudisie tot 31 Mei Sokker weg teen Voortrekker Eeufees
07 Mei	Rugby finale proewe
08 Mei	**VAKANSIEDAG - STEMDAG**
09 Mei	Netbal teen Voortrekker Eeufees (weg) Rugby: Finale proewe
10 Mei	ATKV Redenaars: Semi Finaal Kunswedstryd inskrywings sluitingsdatum
11 Mei	Bulletjierugby by Danie Malan
13 Mei	Radikale Redenaars tot 7 Junie
14 Mei	**EKSAMEN BEGIN** **EKSAMEN: ENGELS VRAESTEL 1 MONDELING** Rugby teen Hermanstad (weg) Landloop: Vergadering by Distrik
15 Mei	**EKSAMEN: AFRIKAANS VRAESTEL 1 MONDELING** Interne Tafeltoertjies Gr 1 – 7 Skaakliga by Rachel de Beer
16 Mei	**EKSAMEN: AFRIKAANS VRAESTEL 2 KREATIEWE SKRYF** Netbal teen Tuine (tuis) Koor: ATKV Applous kompetisie
17 Mei	**EKSAMEN: ENGELS VRAESTEL 3** Koor: ATKV Applous kompetisie
18 Mei	Mini Netbal by Generaal Beyers (0/6 – 0/9)
20 Mei	**EKSAMEN: GESKIEDENIS** ABE Bailey Tweetalige redenaarsuitdunne tot 23 Mei
21 Mei	Rugby teen Die Poort (tuis) Netbal: Uitspeelwedstryde vir Stadskole 0/11A – 0/13A by Danie Malan
22 Mei	**EKSAMEN: EBW Gr 7** Skaakliga by Rachel de Beer
23 Mei	**EKSAMEN: ENGELS VRAESTEL 2** Netbal teen Theresapark (tuis)
24 Mei	**EKSAMEN: AFRIKAANS VRAESTEL 3**
25 Mei	Bulletjierugby by Menlo Mini Netbal by Pierneef (0/6 – 0/9)
27 Mei	**EKSAMEN: NW/TEG + NW** Eisteddfod deelname tot 31 Mei (Laerskool Tuinrand)
29 Mei	**EKSAMEN: GEOGRAFIE** Skaakliga by Rachel de Beer
30 Mei	**HEMELVAART. Geen sport**
31 Mei	**EKSAMEN: SK Gr 7** Netbal: Tshwane playoff's by Midstream
01 Junie	Bulletjierugby by Woodhill
03 Junie	**EKSAMEN: WISKUNDE**
05 Junie	**EKSAMEN: TEGNOLOGIE Gr 7**
07 Junie	**EKSAMEN: PSW / LO** ABE Bailey Tweetalige redenaars – Finaal Oppitong inskrywings sluitingsdatum
08 Junie	Bulletjiedag by Loftus

10 Junie	Graad R - 3 Rapporte aan ouers Kuns Eisteddfod inskrywings sluitingsdatum
11 Junie	17:30 – 19:00: Graad R - 3 Oueraand
14 Junie	**Markdag: Gr 6** **11:00: SKOOL SLUIT** Dra gewone klere en R5 of meer donasie gaan na behoeftige fonds
15 Junie	Kriekettoer: Innistad: 1 – 4 Julie

GRAAD 7 – AANLEGTOETSE

Daar is 8 Maart briewe oor aanlegtoetse aan alle graad 7 leerders uitgedeel. Finale betaling vir aanlegtoetse moet gedoen word teen 2 April. Die koste is R200 per leerder. Die toets vind plaas op 8 April.

GRAAD 7 UITSTAPPIE – 10 EN 11 APRIL 2019

Gelde moes reeds 8 Maart betaal gewees het, maar daar sal uitstel gegee word tot en met 13 Maart.

DEBIETE – LAATKOM

Neem asseblief kennis dat debiete gegee sal word vir leerders wat nie betyds is vir skool nie. Maak seker u beplanning is reg.

GETUIGSKRIFTE

Alle graad 7 leerlinge het Getuigskrifte gekry wat asseblief voltooi moet word. Dit moet asseblief teruggestuur word voor 15 Maart.

MEDIABOEKE

Leerders word herinner om hul mediaboeke in te handig. Daar is ook boeke uitstaande vanaf 2018. Leerders word herhaaldelik herinner en gevra om boeke terug te bring. Indien 'n mediaboek verlore of beskadig is, moet die leerder R100 betaal. Indien boeke nie teen Vrydag 1 Maart terug besorg is nie of die betaling gemaak is nie, sal leerders 2 debiete per dag ontvang totdat boek terug is of geld betaal is.
Geen verskonings.

HERREGISTRASIE VORMS

Neem asseblief kennis dat elke leerling in Graad 4 - 6 ‘n herregistrasie vorm ontvang het. Ouers moet alle inligting op hierdie vorms nagaan en daarop verander wat nie korrek is nie, sodat ons dit kan regstel op die skool se sisteem. Dit is baie belangrik dat bladsy 4 ingevul word en dat ouers daarby sal teken. Die vorms moet op 14 Maart terug wees by die skool. **Graad 7’s ontvang ook vorms sodat ons die inligting wat verander het op ons stelsel kan verander.**

ONTHOU ASB. OM ONS IN TE LIG SODRA U KONTAKBESONDERHEDE VERANDER.

RUGBY

Uitslae van 9 Maart se wedstryde is as volg:
O/9 wen 10 - 5 teen Elandskraal
O/9 toer wen 72-0 teen Zeerust
O/10 wen 17-5 teen Elandskraal
O/11 toer wen 36-0 Burgersdorp
Die uitslae teen Brits is soos volg:
O/9 wen 15-10 teen Brits B
O/10 speel gelykop 15-15 teen Brits B
O/10 toer wen 19-10 teen Brits A
O/11 toer wen 19-17 teen Brits A
O/13 wen 45 -10 teen Brits C
Baie geluk. Ons is baie trots op julle!

NETBAL

Baie geluk aan die volgende leerders wat gekies is vir die Distrikspan:

- Milané Hattingh
- Altje Conradie
- Alecia Venter
- Crishelle Nieuwoudt
- Nadia Prinsloo
- Antonay van der Westhuizen
- Megan Jardim

Ons is trots op julle. Dit is ‘n groot prestasie!

TENNIS

Die O/11C dogters het gewen teen Garsfontein.
Baie geluk. Ons is trots op julle!

D6 E-WALLET

Ons wil graag ‘n kontantlose skool word. Ons moedig u aan om die E-Wallet op die D6 toepassing te gebruik. Stuur ‘n epos aan willie@daniemalan.co.za indien u enige probleme met die D6 toepassing ondervind. Hy sal kyk hoe hy u kan help. Onthou dat u, u kind se akademiese vordering ook op die toepassing kan volg en ook al die beleide en omsendbriewe op die toepassing kan kry. Ons het nog te min ouers wat die E-wallet gebruik, daarom gaan ons die belonging verander – die leerder wie se ouers die E-wallet gebruik het sal in die week waarin dit gebruik is, ‘n lekker beloning ontvang.

KASKAR EN GROOT FM OP 5 APRIL 2019

Ons beplan ‘n Kaskar wedren op Vrydag 5 April van 16:00 – 18:00.

- **Groot FM:**
- Groot FM gaan op 5 April by die skool uitsaai.
- Al die leerders moet reeds 07:00 op die pawiljoen sit in die klere wat hul met die kaskarwedren gaan aantrek.
- Die Graad 4 - 7 leerders gaan aan ‘n hindernisbaan deelneem en die Graad R – 3’s gaan boeresport hou.
- Die skool sal die Vrydag dan 11:00 uitkom en dan moet die leerders weer 16:00 terugkeer vir die Kaskar wedren.
- **Ons doel met die fondsinsameling is:**
- Om ‘n onvergeetlike ervaring vir die leerders te bied.
- Om ons Ouergemeenskap beter te leer ken.
- Om geld in te samel vir verbeterings aan die terrein.
- **Elke klas moet vir die kaskar:**
- ‘n Tema kies.
- Hul kuipe versier.
- Aantrek soos hul tema (hempies kan geborg word vir die klas).
- Die kaskar moet versier en beveilig word.
- Die kaskar om die baan stoot in die tyd wat gegee word.
- Kaskarre sal voorsien word en elke klas mag net een kaskar gebruik.
- **Elke leerder kan vir die kaskar:**
- Borge kry soos op die prentjie onder. As die leerder se Kaskar volledig ingekleur is en die geld inbetaal is, kan die leerder ‘n prys uitkies (tussen ‘n klomp pryse beskikbaar).
- Die leerder wat die meeste geld ingesamel het wen ‘n R5000 kontant. Die leerder wat die tweede meeste geld daarmee ingesamel het ontvang R2000 en die derde meeste R1000.



Die klas wat die meeste geld per week ingesamel het sal op ‘n Maandag aangekondig word en daardie klas mag op die Dinsdag gewone klere

- **Die kosfees:**
- Begin die aand 18:00 tot ongeveer 22:00.
- Koskaartjies vir bykosse teen R30 sal vooraf gekoop kan word.
- Die Graad wat die meeste koskaartjies verkoop het sal ‘n prys wen.
- Elke Graad moet die volgende voorsien met borge of donasies

- Braaiers en vure vir die graad
- Bykosse vir die graad
- Kos stalletjie versier.

- **Borge**

- Indien u borge wil nader moet u asseblief ‘n borgbrief aanvra by Lilani Pieterse lilani@daniemalan.co.za. Geen ouer moet sonder die brief enige borge nader.

- **Talentkompetisie**

- ‘n Talentkompetisie sal die aand gehou word en ‘n wenner sal aangewys word. Die inskrywing vir die talentkompetisie is R50, enige persoon in die gemeenskap en in die skool kan kom vir oudisies. Enige persoon wat wil inskryf vir die talentkompetisie kan ‘n epos stuur aan lilani@daniemalan.co.za. Sodra die persoon die oudisie gedoen het, sal hul in kennis gestel word wanneer hul optrede tydens die kosfees sal wees, en sal reëlings getref word dat die inskrywingsgeld betaal word.

- **Vermaak:**

- Daar sal ook ‘n paar Gaskunstenaars optree vir u vermaak.

- **Koskaartjies**

- Elke klas moet probeer om vooraf 40 koskaartjies te verkoop. Die leerders in Gr 4 - 7 gaan in hul registerklasse deelneem.
- Die Graad moet poog om met borge die kos aan ongeveer 200 – 240 persone te voorsien. Die finale getalle sal een week voor die kosfees deurgegee word.
- Die ouers bring hul “coolbox” en stoele die middag na die fees, en kan rondom hul Graad se stalletjie sit of sommer voor die verhoog.
- Elke ouer bring hul eie vleis, eetgerei, stoele ens. Ouers kan wanneer hul honger is gaan braai en die bykosse by die graad se stalletjie gaan afhaal.
- Betaal asb voor 1 April vir die koskaartjies. Die koskaartjie dien as ‘n toegangskaartjie. Toegang van R10.00 per persoon is betaalbaar indien u nie u koskaartjie kan toon nie.
- **Stalletjies:**
- Daar sal ook speelgoed stalletjies wees.

- **Betalings:**

- Indien u internetbetalings maak, gebruik asb die korrekte verwysing bv. Familiekode dan kosfees Gr 4 x5 of familiekode dan Koop my kaskar of Familiekode dan Gr 4 hemp borg. Ons gaan elke graad se kosfees geld in ‘n aparte projekrekening stoor en daarom is dit vreeslik belangrik dat u die korrekte verwysings gebruik. Ons verkies elektroniese oorbetalings of E-wallet oorbetalings, aangesien dit baie onveilig is om kontant op die perseel te hê.

ONBEKENDE DEPOSITO’S

Die volgende elektroniese betalings ontvang, se verwysingsnommers is foutief en kan nie na die korrekte skoolrekening geallokeer word nie

Datum	Verwysing gebruik	Bedrag
2018-01-15	SHALE	R900.00
2018-02-08	Laerskool Dsnie Malan	R1 000.00
2018-03-26	1781 school fund	R1 000.00
2018-06-04	STTGPDXH	R50.00
2018-08-31	UP SALEISEUNUNIV VAN PRETORIA	R1 570.00
2018-11-28	Sunnyside Deposit No: laerskool danie mala	R1 100.00
2019-03-01	Veldskool	R1 400.00

Kontak asb. finansies om regstellings aan te bring.
Neem asseblief kennis: U moet u familiekode as verwysing gebruik. Indien u vir skoolfonds en naskool saam betaal, moet u saam met die familiekode ’n SK vir skoolgeld en NA vir naskool byvoeg. Indien u vir iets anders betaal behalwe skoolgeld moet u die familiekode en ’n addisionele verwysing soos Behoeftige fonds byvoeg.

MIDDELAFSTANDE OEFENING

Daar is elke Maandag tot Vrydag gratis middelafstand oefening by Pretoria Noord hoërskool van 17:00 – 18:00. Skakel asb. die afrigter, Wessel du Toit by 079 544 1398 vir meer inligting. Onthou dat daar elke Saterdag om 08:00 ’n gratis “Parkrun” van 5 km by Hillside Gholfbaan is. Registreer by https://www.parkrun.co.za/register/ vir ’n “Parkrun” en neem u hele gesin vir so ’n uitstappie op ’n Saterdag.

NASKOOL

Kontak vir Joeanne Tintinger by 081 562 9907 vir meer inligting.

LOSIE / LAPA UITVERHUUR

Ons verhuur die skool se Lapa uit vir funksies met breekware en stoele en tafels ingesluit teen R2 000 per geleentheid, met ’n R500 deposito. U is welkom om die losie te bespreek by ontvangs@daniemalan.co.za of te skakel en met Annatjie Degenaar te praat.

Groete

Hettie Smith
Skoolhoof



How to protect your child while using their SmartPhones.

As you know, our children today are exposed to many things on Social Media. With all the "bad" things going on out there, you would like to protect them from these nasty things, especially on their smartphones. Now there is a way to help and teach your child to go online the safe way. Google Family Link Help your family create healthy digital habits. Whether your children are younger or in their teens, the Family Link app lets you set digital ground rules to help guide them as they learn, play, and explore online.

https://families.google.com With this App you can monitor your Child's activities, Location and even block apps on their Smartphone. Set daily screen time limits or even lock the phone. Your child will not be able to install any apps without your approval. They cannot remove the account off the phone without your consent. You can set limits on content on Google search and many more…

Below are some key features that will explain how it works. You can download the apps from Appstore or Playstore.

1. Go to the Website and click on "Get Started"
2. Create a Google Account for your child then link it with your Google account
3. Download the Google Link for Parents app on your smartphone
4. Download the Google Link for Kids and Teens on your child's phone
5. Setup your preferred settings under "Manage Settings" on your child's phone